**Skriflesing:** Romeine 5:1-11
**Tema:** Boontjie kry nie sy loontjie nie.

Paulus gee in ons gelese gedeelte twee bewyse dat elkeen van ons absolute sekerheid kan hê dat die onverdiende goedheid van God ons onvervreembare eiendom is.

Hier in lydenstyd staan ons stil by die eerste bewys. Ons staan stil by Christus wat aan die kruis gesterf het om ons van ons sonde te verlos. As jy vandag iets wil bydra tot jou redding, is jy ongeveer 2000 jaar te laat. Christus het reeds alles gedoen.

Hy nie gesterf omdat ons dit verdien nie, allermins. Ons as mense het teen die Here en vir sonde gekies. Die loon of betaling vir sonde is die dood. Dit is wat ons verdien. (Romeine 6:23)

Die Here het vir jou gesterf toe jy Hom nog nie eers geken of Hom nie terug kon liefhê nie. Hy was vir jou 'n vreemdeling.

In ons geskiedenis is ook mense wat vir vreemdelinge gesterf het.
Wolraad Woltemade het op 1 Junie 1773 sewe maal met sy perd, Vonk, die Kaapse stormsee ingegaan en 14 skipbreukelinge gered. Toe hy die agtste keer die reddingspoging aanpak, het hyself verdrink.
Op 28 Januarie 1970 gaan staan 'n skoolbus op 'n spoorlyn in Meyerton. Johan le Roux, 'n matriekseun, help kleiner kinders by die ruite uit totdat die trein die bus tref en hy een van 23 kinders is wat op die tragiese dag sterf.
Hierdie helde sterf vir mense wat wil gered word.

Ook ons sal dalk nog vir goeie mense sterf. Ek weet 'n mense sterf nie as jy 'n nier skenk nie, maar ons sal dalk nog 'n nier skenk vir 'n familielid of vir 'n goeie vriend. Maar sal jy dit vir 'n vyand doen?

Christus se liefde is soveel groter en meer as ons s'n. Hy kom vir ons wat nie gered wou word nie.
Ons was magteloos en goddeloses (Rom 5:6), verlore sondaars (Rom 5:8) en vyande van God (Rom 5:10), toe Christus sy liefde vir ons in oorvloedige mate aan die kruis bewys het.
Ons lees hiervan in Romeine 5, hierdie keer uit die Boodskap:
"6 Christus het op presies die regte tydstip vir ons gesterf. Hy het sy lewe vir ons opgeoffer toe ons nog in die sonde rondgelê het."
"8 Maar God is heeltemal anders as ons. Hy wys juis hoe lief Hy ons het deurdat Jesus in ons plek doodgegaan het toe ons almal nog 'n spul sondaars was."
"10 Sy dood het ons in die regte verhouding met God gebring toe ons nog aartsvyande van Hom was. Hoeveel te meer sal ons dan nie deur die lewende Jesus van die oordeel van God gered word nie?"

As God, toe ek sy vyand was en toe ek nog sy toorn en straf verdien het, my verhouding met Hom deur Jesus Chritus herstel het, hoeveel te meer sal Hy nie my as verloste sondaar nou en in die toekoms in sy hande hou nie.
Ek herhaal dit in ander woorde, want dit is belangrik dat elkeen dit hoor. Paulus beklemtoon dat God se onverdiende goedheid vir ons soveel sekerder is, noudat ons sy kinders is.
Wanneer jy dus in die toekoms onseker begin voel oor die Here en sy liefde vir jou, onthou dat Hy jou tot die kruisdood toe liefgehad het toe jy nog goddeloos, 'n verlore sondaar en sy vyand was. Hy sal verseker nie nou sy liefde aan jou onttrek nie.

Die tweede bewys van God se onverdiende goedheid waarvan ons hier lees, is die feit dat Hy sy Heilige Gees aan ons gegee het. (Rom 5:5). Jy hoef nooit daaraan te twyfel dat God die goeie werk wat Hy in jou begin het, sal voltooi nie. Die Heilige Gees is jou deposito of waarborg dat al Sy beloftes sal waar word.

Vanuit die feit dat ons nie ontvangers is van die dood as ons loon nie, maar van God se geskenk van onverdiende verlossing en genade, leef ons anders.

Ons wat in Hom glo is deur God vrygespreek! Hy dink nie meer aan jou sondes nie.
Ons was vyande van God, nou is daar vrede tussen ons en God.

Deur Hom het ons, in geloof, vrye toegang tot die genade waarin ons vasstaan.

En ons lewens is gevul met vreugde. Drie maal skryf Paulus dat gelowiges hulle verheug.
Ons verheug ons in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. So seker as wat God God is, só seker kan jy wees dat sy nuwe wêreld op jou wag. Vir ‘n Christen op aarde lê die beste altyd nog voor. Ons is oppad hemel toe.

Ons verheug ons in ons swaarkry.
As daar iemand was wat swaarkry geken het, dan was dit Paulus. Hy het, onder andere, vyf maal die gebruiklike straf van 39 houe gekry net omdat hy getuig het dat Jesus Christus die enigste Verlosser is. Hoe kan hy hom hieroor verheug?
Ongelowiges kan nooit oor swaarkry bly wees nie, maar kinders van die Here kan.
Ons weet dat dit een van die maniere is waarop God ons nie seermaak nie, maar heelmaak. Hy vorm en herskep ons om te groei in geloof.
Oefen dus om in swaarkry om te volhard, om meer op God te vertrou en aan te hou doen wat God wil hê. Groter vertroue en gehoorsaamheid maak dat ons deur dik en dun hoop op God en op sy nuwe wêreld wat op ons wag.

Ons verheug ons ook in God, wat ons deur Jesus Christus verlos.

Volgens oorlewering het Billy Graham gesê: “Daar is meer vreugde in die swaai van my hond se stert as op die gesigte van baie Christene.” Is die stelling waar van jou? ‘n Christen kry ook swaar en loop nie altyd met ‘n glimlag rond nie, maar in die Here het ons ‘n diep persoonlike vreugde wat niks of niemand by ons kan steel nie.

**Jy sal hopelik nou met my saamstem dat ons as kinders van die Here nie ons loontjie, die dood wat ons verdien, kry nie.**
God gee aan ons, wat in Christus Jesus glo, die ewige lewe as geskenk. Ons is ontvangers van Sy onverdiende genade. Ons sondes is vergewe. Ons verhouding met Hom is herstel. Daar is nou vrede tussen ons en God.
Daarom leef ons anders. In voor- en teëspoed, leef ons lewens gevul met sy vreugde.
Amen